



Fritz Brand
.....

Nuwe Balieraad

Die huidige Balieraad, waarvan die termyn in April vanjaar verstryk, is Hodes SC (voorsitter), Seligson SC, Hofmeyr SC, Thring SC, Van Reenen SC, Blignault SC, Traverso, McLarty, Kuschke, Duminy, Shortt-Smith (sekretaris) en Rose-Innes (tesourier).

Nuwe lede

Sydney Jacobs en Willie Olivier het die Kaapse Balie verlaat en die volgende nuwe lede het bygekom: Norman Arendse, Frank Bolleers, David Charters, Nelis Kruger, Jennifer Muller, Theo Nel, Percy Sonn, Piet Steyn en Belinda van der Vyver, wat almal in Desember 1989 hul pupilskap voltooi het, en John van der Berg.

Nuwe pupille

Daar is tans tien aspirante besig met hul pupilskap: John Abel, Simon Anstey, Elsje Bonthuys, Wietzie Bothma, Willem Coetzee, Johannes Koen, Johan le Roux, Richard Penwill, Jan-Hendrik Roux en Joy Wilken.


Pretoria

Aangestel op regbank


BR du Plessis SC is met ingang van 1 Desember 1989 as regter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangestel. Hy was op sy dag ere-sekretaris van die Balieraad en het later vir 'n hele aantal jare met onderskeiding daarop gedien.

Nuwe SC's en waarnemende aanstelling

Drie lede van die Pretoriase Balie het einde 1989 senior geword. Hulle is HB Smalberger, H van R Woudstra, en JW Louw.



H van R Woudstra
.....



JW Louw
.....

In die eerste termyn neem FCL Roos SC waar as regter.

Ledetal

Die Pretoriase Balie se ledetal staan tans op 195, insluitende geassosieerde lede. Een oud-lid, HF Klein, het weer aangesluit. Einde 1989 het 10 uit 12 pupille die eksamen geslaag en begin praktiseer. Hulle is E Boshoff, PA Carstens, CH Fourie, S Güldenpfennig, E Hartdegen, CR Jansen, AB Rossouw, M Schutte, RA Slater en C de W van der Merwe.

Nuwe pupille

Daar is tans 23 pupillede ingeskryf. Dit lyk asof die Pretoriase Balie binnekort probleme mag ondervind met akkommodasie as die groei so aanhou.

Hof vir Klein Eise

59 lede van die Pretoriase Balie dien as Kommissarisse in die Hof vir Klein Eise. Die lys word gereeld hersien.

Algemene jaarvergadering

Die volgende algemene jaarvergadering vind eersdaags plaas. Een van die aspekte waarvoor besin sal moet word, is of dit tyd geword het dat 'n algemene kantoorbestuurder vir die Balie aangestel moet word. Die Balie het so uitgebrei dat die Balieraad en sy lede te veel tyd aan administrasie moet bestee, en so 'n aanstelling blyk dus aangewese te wees.

Sosiale nuus

Op 20 Oktober 1989 is 'n Balie-Dinee/Dans gehou. Adjunk-regter-president Eloff het die gehoor vergas met 'n pittige toespraak oor vroueregte in die regsprofessie. Die aand het geleentheid gebied om weer saam met ou bekendes gesellig te verkeer. Weer eens is bewys dat die Pretoriase advokate beslis die mooiste vroue in die land het.

Op 26 Januarie 1990 het die jaarlikse sportdag tussen die Balie en Pretoria se prokureurs plaasgevind. Die verrigtinge is met 'n skaapbraai afgesluit. Die Balie het die muurbal en landloop gewen terwyl die prokureurs in die krieket, tennis en damessokker geseëvier het. Mansokker was gelykop.

Oranje-Vrystaat

Die tweejaarlikse Baliedinee van die Vrystaatse Vereniging van Advokate het op 22 September 1989 in die Bloemfontein Klub plaasgevind. Die gasspreker by die geleentheid was Appèlregter HJO van Heerden. Die dinee is bygewoon deur 'n groot aantal appèlregters, regters van die Vrystaatse Bank, prokureurs van die Vrystaat sowel as 'n aantal regters uit ander provinsies wat oud-lede van die Vereniging is. Hoofregter Ted Beck en Regter Faan Hancke het spesiaal van Transkei af gekom om teenwoordig te wees.

Nuwe lid

Johan Daffue het aan die einde van 1989 die Nasionale Balie-eksamen geslaag en is nou 'n volwaardige lid van die Vrystaatse Vereniging van Advokate.

Nuwe pupille

Drie nuwe pupille het hulle aan die begin van 1990 by die Vrystaatse Vereniging van Advokate aangesluit. Hulle is Bertie Fourie, Stanley Reyners en Paul Zietsman.

Groot trek

'n Groot trek lê voor vir die Vrystaatse Vereniging van Advokate.